

Eredienste in Fase 3 van Inperking

Op die oomblik is ons in fase 3 van inperking tot ten minste middel Februarie. Dit beteken dat eredienste wel uitgesaai gaan word, maar dat daar nog nie "oop" eredienste kan wees nie. Ons sal dus die eredienste opneem en visuele - en klank opnames uitstuur en op die gemeente se webtuiste beskikbaar stel.

So gou as wat dit moontlik is, sal ons weer eredienste oopstel met die nodige protokolle. Daar mag ook nie op die oomblik huweliksbevestigings plaasvind nie. Daar kan wel begrafnisse gehou word met tot en met 'n maksimum van vyftig persone. Sanitering, sosiale afstand, maskers en registers is verpligtend.

Ons dank die Here vir hedendaagse tegnologie, want dit impliseer dat ons regstreekse uitsendings van begrafnisse en eredienste kan uitsaai, asook videos op youtube kan laai en klankbane kan opneem en uitstuur. Ons werk daaraan dat ons vermoë om eredienste op te neem en uit te saai, sal groei en is ook van plan om, selfs wanneer die inperking gelig word, daarmee voort te gaan. Dankie aan elkeen wat dit moontlik maak! Kom ons bid dat ons eredienste vir almal, of jy dit fisies of virtueel beleef, tot seën sal wees en dat God bo alles geëer sal word!

Week van Gebed: Op die oomblik is dit weens covid nie moontlik om ons beplande Week van Gebed soos gewoonlik op die geskeduleerde datums te hou nie. Ons gaan egter eersdaags met 'n weeklikse aanlyn Bybelstudie-/Omgeegroep geleentheid begin, wat soos ons die Week van Gebed beplan het, gaan aansluit by ons jaartema: **Leef vry in Christus!** Hou die pers dop vir meer besonderhede.

Junior kategese: Die Junior Kategese (Voorskool tot Gr4) begin die Sondag/week wanneer die skole begin. Ons sal volgende week die registrasie moontlikhede op die Gebedsbrief plaas. Ons gaan die kategese in samewerking met die ouers aanlyn doen aan die hand van die Sewe Familie Geloofsgewoontes. Meer besonderhede daarvoor volgende week.

Senior Kategese: Die seniors (Gr5-11) moet asb. aanlyn inskryf by https://docs.google.com/forms/d/e/1FAIpQLSc6V1wJEvnh6iOTPEdij3zXFDtyAsB6rBYFCaMtXh4YjJxqQA/viewform?usp=sf_link. Die belydenisgroep van laasjaar moet asb. vir dr. Nelius (082 890 8820) of Elane (072 974 1864) kontak.

GEBEDS BRIEF

Wonderboom Ned. Geref. Gemeente

31 Januarie 2021

Besoek ons **WEBTUISTE:**

www.ngkwonderboom.co.za

U kan ook hier ons eredienste aflaai.



Bid asseblief dat ons **EREDIENSTE** egte ontmoetings met die lewende God sal wees!

Welkom aan elkeen wat vandag saam aanbid! Mag die Here ons in ons liefde vir Hom en mekaar seën! Geluk aan dié wat die afgelope of komende week verjaar/het!

LERAAR	TEMA	TEKS
Dr. Nelius Steyn 09:00	Elke Ete is 'n geleentheid...	Handelinge 2:46+47a Hulle het almal elke dag getrou by die tempel bymekaargekom, van huis tot huis die gemeenskaplike maaltyd gehou, hulle kos met blydschap en in alle eenvoud geëet, en God geprys.
Daar is nie op die	oomblik eredienste	by Soetdoring nie.
Daar is	geen aanddienste	tydens die skool- vakansie nie.

Offergawes en Loffer

Dankie aan almal wat getrou 'n offergawe gee. Ons leef in moeilike tye waar die gemeenskap en gemeente swaar trek. U kan u dankoffer EFT of skandeur met Zapper of in 'n erediens of in 'n koevert by die kerk se posbus ingooi. Bid asb. vir die finansies van ons gemeente en gemeenskap. Ons bankbesonderhede: NG Gemeente Wonderboom, ABSA Tjek-rekening, Reknr: 526 015 1136 Sinoville tak 336945.

CORONA GEBED:

Bid vir ons land
en die wêreld:
102 878 067 mense het
wêreldwyd die virus
opgedoen. 74 531 974
(72.45%) het gesond
geword en 2 222 227
het gesterf (2.16%).

In Suid-Afrika het 1 443
939 mense dit gekry, 43
633 gesterf (3,02%) en
1 284 781 (89%)
gesond geword.

(Stats @ Sat 30
Januarie om 21:00).

Bid asb. vir almal wat
hierdeur geraak word!

Siekies

Dr. Chris Malan, ds.
Corne Randall, Annie
Ellis, Arnold en Louise
van Vuuren, James
Gainsford en Ferdi
Schoeman.

Beterskap

Daan Kocks, Barbara
Heath, Obie en Paula
Oberholtzer, Pieter en
Louise Sassenberg, Jan
Tromp, Johan en Janita
Wolmarans, Dewald
Norval, Hetta van Nikerk,
Marcus Venter, Manie
en Alta Steyn.

Bedroefdes

Ons bid vir die volgende
bedroefdes:

Hennie en Floors van der
Walt met hulle vader,
Machiel van der Walt se
afsterwe.

Lettie, Johan en Adriaan
Britz met die afsterwe van
hulle eggenoot en vader
Kotie Britz.

Willa en Jaco Human met
die afsterwe van hulle
eggenoot en vader Pieter
Human.

Bettie Fourie en hulle
familie met die afsterwe
van haar eggenoot
Hannes Fourie.

Die Messiaanse Pasga/Paasfees/"Passover"

Die boodskap van vanoggend neem ons deur die Paasfees, Nagmaal en gemeenskaplike Liefdesmaaltye na elke en enige gewone ete, wat 'n geleentheid is om te groei, om God te dank en eer, om God te erken vir sy troue sorg en om die gawe van liefde en lewe met mekaar te deel. Hieronder is 'n uittreksel van die Pasga soos dit deur die Messiaanse Jode gevier word – i.e. Jode wat in Jesus Christus glo. Hiermee vier hulle die verlossing van Israel uit die slawerny in Egipte asook die verlossing van die ganse mensdom van die dood, sonde, bose en oordeel van God. Dit help ons om iets van die paasfees en die agtergrond van die nagmaal te verstaan. Een van die Skrifgedeeltes wat tydens hierdie Pasga-viering gelees word, is Eksodus 12. Pasga is met uitstek 'n gesinsfees waar daar sewe simbole op die tafel kom en een vraag met vier antwoorde gevra en beantwoord word. Die tafel word gedek met die sewe simbole van die Pasga:

1. Die beker van Elia – dit gaan oor reiniging en redding, lof en die wederkoms en die beker word nie gedrink nie. Vergelyk Jesus se uitspraak in Lukas 22.
 2. Die [groen] groente karpas [wat dui op lewe na die winter aan begin van lente asook verlossing – gedoop in soutwater om die Rooi see en trane te simboliseer.
 3. Die matzah [*matzoh*] [ongesuurde brood] – 'n teken van verootmoediging van die suurdeeg van sonde/selfsug.
 4. Die lamsbeen – die lam wat in ons plek geslag is om die oordeel van God te laat verbygaan – beskerming teen die ewige dood! Verlossing in ons plek deur Jesus Christus, die Lam van God, bewerk.
 5. Die bitter kruie maror en *horseradish* – wat die swaarkry en hartseer in Egipte, (slawerny) en Jesus se swaarkry op aarde en in die lydenstyd simboliseer.
 6. Die charoset – (dadelkoekie) wat 'n teken is van die slawerny in Egipte waar die Israëliete stene gemaak het en hoe soet die verlossing gesmaak het.
- Die gekookte eier – verwys na die offers in Jerusalem en die hartseer oor Jerusalem (Israel) wat die Messias verwerp het en daarom tot die op grond afgebreek is!

Die vraag is: Wat maak die pasga anders as ander feeste? [Dit word gesing of gevra deur die jong kinders aan die feestafel. 'n Natuurlike proses van leer. Die pasga is spesifiek ook vir kinders! Die **Maggid**: [Antwoord]: Die antwoord op die vier vrae vind ons in **Eksodus 12:26-27**: As julle kinders sou vra: 'Wat beteken hierdie verpligting?' moet julle sê: Dit is 'n paasoffer aan die Here omdat Hy in Egipte die Israëliete se huise oorgeslaan het. Terwyl Hy die Egiptenaars getref het, het Hy ons huise gespaar." Die volk van Israel het slawe in Egipteland geword, waar hulle gedoem is tot harde arbeid om die Faraos se stede te bou. God het Moses as leier voorberei en hom by die brandende braambos geroep om sy volk uit Egipte in die beloofde land in te lei. Maar Faraos hart was verhard en hy het geweier om die volk te laat trek. Ons vertel nou die verhaal m.b.v. voedsel en gebruike van die Pasga van hoe God ons van slawerny uit Egipte tot vryheid gelei het.

Hoekom is hierdie fees/nag/gebeurtenis anders as ander feeste/nagte/gebeurtenisse?

a-Tydens ander geleenthede/nagte mag ons gesuurde of ongesuurde brood eet, maar by die Pasga net ongesuurde brood.

b-Tydens ander geleenthede/nagte mag ons enige kruie eet, maar by die Pasga net bitter kruie.

c-Tydens ander geleenthede/nagte doop ons nie die kruie nie, maar by die Pasga doop ons dit twee maal!

d-Tydens ander geleenthede/nagte sit ons regop [slaggereed], maar by die Pasga sit of lê ons [ontspanne].